Ceropegia decipiens (voorheen Piaranthus decipiens)

Vir plantvriende, veral diegene met ‘n passie vir sukkulente plante, is dit nogal ‘n frustrasie as die wetenskaplike name verander; soveel so, dat jy later nie meer weet, onder watter naam jy na inligting moet soek nie.

🡻Hierdie plant sien ‘n mens nie maklik nie, want dit “kruip weg” onder halfstruike of struike, hou van skaduwee en beskerming. In die sommer verdwyn dit heeltemal onder die blare van die struik en word sodoende net nie gesien nie!

Die **stingels** staan regop ongeveer 10 cm hoog en is donker grysgroen. In die droë tyd, maar ook in die somer, as die skaduplant verwyder word, verkleur die stingels en word donker grys-blou-groen.Die verkleuring beskerm die plant teen die sonlig. Elke stingel is van bo gesien vierhoekig (maar nie vierkantig nie; sien 🡽geel en rooi kolletjies) wil sê, tussen die kante is daar ‘n inkeping of voor. Hierdie kante of riwwe is getand, maar nie stekelrig nie.

Die plant is **blaarloos**, die stingels bedryf fotosintese.

In die laatsomer **blom** die plant donker rooi-maroen met of sonder geel stippels. Kleurvariasies kom voor. Die **saadkapsule** lyk soos ‘n paar reguit horings. *C.decipiens* plant deur saad voort, maar ook vegetatief en kan groter kolle vorm. Stingels wat afbreek, groei gougou weer wortels en vorm ‘n nuwe plant.

Vir sukkulentliefhebbers: Dis maklik om in ‘n pot aan te hou as dit nie te veel water kry nie. In ‘n rotstuin sal dit in (half-)skaduwee ook aard. Steggies vorm vinnig wortels.

Inligtingsbronne: The Apocynaceae of Namibia (P.Y.Bruyns)
South African Journal of Botany: A revised, phyto-genetically Concept of Ceropegia (Apocynaceae) by PV Bruyns, C.Klak, P.Hanàcek

Teks en foto’s: Anka Eichhoff Maart 2023